BRANDREGULASIES

Die ITC-SA maak nie hierdie reëls nie, maar vertolk en versprei dit sodat ons, as ’n verantwoordelike bedryf, optree ingevolge die Nasionale Bouregulasies en SANS 10400.

Dit beteken nie omdat die plaaslike owerheid, die ontwikkelaar, die bouer en/of die oprigter nie die regulasies afdwing, dit enigiemand se reg is om ’n mededingende voordeel te probeer kry deur die reëls uit te lê soos dit hulle pas nie. Ingenieurs wat Dakstrukture afteken wat nie aan die Brandregulasies voldoen nie, kan voor stok gekry word deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese. Tree te alle tye verantwoordelik op.

a. Elke individuele wooneenheid aan beide kante van ’n brandmuur moet sy eie verspanstelsel in sy dakstruktuur hê, ongeag of die brandmuur bo die dakbedekking uitsteek al dan nie.

b. Die brandregulasies sê nie wat die toelaatbare gaping tussen draende houtsporte aan enige van die twee kante van die brandmuur moet wees nie, maar dakkappe wat deur ’n brandmuur gaan, moet in aparte kappe verdeel wees.

c. Die Regulasie lui . . . “Geen deel van die dakmontering wat van hout of enige ander brandbare materiaal gemaak is, mag deur die skeimuur gaan nie”.

d. Geen teëlonderlegsel of insulasie mag oor die brandmuur loop nie.



TIPIESE BRANDSKOT TUSSEN HUIS EN MOTORHUIS KAPPE MOET IN TWEE DELE WEES



TIPIESE BRANDSKOT TUSSEN TWEE WOONSTELLE OF MEENTHUISEENHEDE

HEAD OFFICE
SAFCA Building | 6 Hulley Road | PO Box 686, Isando, 1600
Tel: +27 (0) 11 974 1061 | **Fax:** +27 (0) 11 392 6155 | **Email:** enquiries@itc-sa.org

BRANCHES
South / Eastern Cape | KwaZulu-Natal | Western Cape

ITC SA
Institute for Timber Construction®

www.itc-sa.org